Ons wys jou alles ...

Aas Kliniek

Deel 25

Artikel deur Johan Marx

Kook Hemp Saad Maklik

Hemp is een van die meer gewilde sade om te gebruik wanneer karp gehengel word, maar hierdie natuurlike kos word ook deur ander Silwervis spesies gevreet. Hemp saad beskik oor ‘n redelike mate van olie en dit is hierdie olie waaroor die vis mal is. In Europa is dit alom bekend dat sekere spesies soos bv. ‘roach’ absoluut versot is op hierdie saad en dat dit as hoekaas gebruik word.
Die hemp kom tot sy volle reg wanneer dit gekook is of fyn gemaal is. Die effek van rou, heel hemp saad is minder waardevol.
Hemp saad kan alleen of saam met enige tipe grondvoer of ander sade gebruik word om ‘n bed te maak wat die vis lok en dan vreet.
Hemp saad kan ook in ‘n potjie op die stoof of mikrogolfoond gekook word vir 20 minute tot gaar – week net vooraf oornag in water.

Stap 1
Jy benodig hemp saad, ‘n ketel met kookwater, ‘n vakuum fles en ‘n bietjie sout.

Stap 2
Vul die vakuum fles met die hoeveelheid hemp saad wat jy wil voorberei – nie meer as helfte van die fles nie.



Stap 3
Voeg ‘n kwart tee lepel sout by (per 500g saad)...

Stap 4
... en vul nou die die fles met kookwater tot amper vol



Stap 5
Skroef die fles toe en keer dit ‘n slag of wat om sodat die inhou goed meng.

Stap 6
Laat staan die fles nou oor-nag, minstens vir 8 ure. Gooi die water af ....

Stap 7
... en siedaar die hemp saad is gereed vir gebruik! Let op dat die hemp wit spruite uitstoot of aan die binnekant wit is, wanneer dit gereed is om te gebruik.